# JAN CELLIERS

## AANSOEK OM TOELATING VAN 'N LEERLING

Hierdie aansoekvorm moet ingevul word en so gou moontlik terugbesorg word aan die skool. Dit moet deur albei ouers onderteken word, behalwe indien een ouer/voog volle verantwoordelikheid vir die kind aanvaar. Inskrywingsfooi van R3000.00 moet hierdie aansoek vergesel.

| **1. LEERLING** | |
|---|---|
| Volle naam en van | |
| Noemnaam | |
| Geboortedatum | |
| Identiteitsnommer (afskrif van geboortesertifikaat) | |
| Kerkverband | |
| Huidige skool (of kleuterskool) | |
| Huidige graad / vlak | |
| Huistaal en nasionaliteit | |
| Jaar van toelating en ouderdom by toelating | |
| Gesinslid by Jan Celliers | |
| Spesiale behoeftes (bv liggaamsgebrek) waarvoor voorsiening gemaak moet word | |
| **2. OUERS** | |
| **Volle naam en woonadres van vader** : | |
| | |
| **Volle naam en woonadres van moeder** : | |
| | |
| **Posadres vir korrespondensie**: | **e-pos adresse**: |
| | Vader: |
| | Moeder: |
| **Kontaktelefoonnommers :** | |
| Vader: (h) | Moeder: (h) |
| (w) | (w) |
| (sel) | (sel) |
| **Beroep en werkgewer** : | |
| Vader: | Moeder: |
| | |
| **Is u 'n oudleerling van Jan Celliers:** | |
| Vader: | Moeder: |
| | Nooiensvan indien ja: |

Ons / Ek aanvaar dat ons / my kind se toelating onderhewig is aan die bepalings en voorwaardes soos uiteengesit op die keersy van hierdie vorm en sodanige verdere bepalings soos van tyd tot tyd deur die Skoolhoof en/of die Raad bepaal, insluitende die Vereniging se Akte van Oprigting en Statute.

____________________________________
Vader se handtekening

____________________________________
Moeder se handtekening

Identiteitsnommer:__________________________

Identiteitsnommer: __________________________

Datum: ____________________________________

Name en adresse van twee verwysings :

1. ____________________________________________________________
2. ____________________________________________________________

# LAERSKOOL JAN CELLIERS
# BEPALINGS EN VOORWAARDES VIR TOELATING

1. Van alle Laerskool-leerlinge sal verwag word om 'n plasingstoets af te lê soos deur die skool voorgeskryf.
   - Kleuters word by die Speelskool toegelaat indien hulle op 1 Januarie van die betrokke jaar reeds 18 maande oud is.
   - Sou 'n kleuter binne die eerste 6 maande van die betrokke jaar 18 maande oud word, hang 'n plasing van die beskikbaarheid van plek af. (Hierdie kleuters word volgens hul kronologiese ouderdom en nie volgens datum van aansoek geplaas nie.)
   - Kleuters word by Pre-Primêr toegelaat indien hulle op 1 Januarie van die betrokke jaar reeds 3 jaar oud is.
   - Geen kleuter by Pre-primêr) sal buite sy jaargroep geplaas word nie, (m.a.w. alle kleuters in 'n jaargroep is dieselfde jaar gebore).
2. Leerlinge wat meer as twee jaar ouer is as die gemiddelde ouderdom van die klas waarvoor aansoek gedoen word, sal nie toegelaat word nie.
3. Ondertekening van hierdie dokument veronderstel dat:
   - 'n ouer/ouers, voog/de bewus is van die Christelike aard van die skoollewe en instem dat die betrokke leerling Bybelklasse en saalbyeenkomste sal bywoon.
   - 'n ouer/ouers, voog/de instem dat alle vakke (uitgesonderd Engels) deur die medium van Afrikaans onderrig sal word.
   - 'n ouer/ouers, voog/de hulle onderwerp aan die gedragskode van die skool.
4. Leerlinge met fisieke of geestelike probleme kan geakkommodeer word indien dit geen addisionele of buitengewone fasiliteite of aandag noodsaak nie.
5. Van alle leerlinge wat nie 'n fisieke gebrek het nie, sal verwag word om van Gr.3 af aan ten minste een somer- en een wintersport by die skool deel te neem.
6. Ouers wat leerlinge by die Speelskool inskryf en nie verhuis nie, onderneem om hulle ook na Jan Celliers Pre-primêr te stuur; en ouers wat leerlinge in Departement Pre-Primêr inskryf en nie verhuis nie, onderneem om hulle ook in Gr.1 na Jan Celliers te stuur. Sulke ouers sal voorkeur kry by plasing.
7. Die inskrywingsfooi van R3 000 is betaalbaar wanneer aansoek gedoen word om toelating. Hierdie geld dek administratiewe uitgawes en is nie terugbetaalbaar nie.
9. Wanneer 'n kind ingeskryf word, word elke ouer of voog verbind om hom/haar te onderwerp aan die besluite van die hoof rakende die skoolorganisasie en -dissipline. Die verbintenis sluit 'n verpligting aan die kant van die ouers in om niks te doen wat die skool, die leerproses, skooldissipline en die organisasie van die skool ontwrig nie. Indien reëls verander word, onderneem ouers/voogde om ook hierdie nuwe reëls te eerbiedig en om te aanvaar dat sulke besluite finaal sal wees.
10. Alle klagtes of vertoë in verband met enige aangeleentheid rakende sodanige reëls, regulasies, doelstellings, voornemens, beleid of prosedures, of die toepassing daarvan, word aan die skoolhoof gerig.
11. Van leerlinge word verwag om alle amptelike skooldae by te woon, insluitend spesiale dae en aande wat deur die skool as verpligtend beskou word. Verlof om afwesigheid sal slegs in die mees buitengewone omstandighede deur die skoolhoof toegestaan word.
12. Indien 'n leerling as gevolg van siekte of enige ander rede afwesig is vir 'n gedeelte van 'n termyn of langer, is die ouer nogtans verplig om gelde vir die termyn te betaal en is ook nie geregtig op 'n terugbetaling van enige gelde nie.
13. Gelde word vooruit betaal voor of op die eerste dag van elke maand (Januarie tot Oktober). Hierdie rekeninge sluit gelde soos deur die Raad bepaal en aangepas in. Boekgelde en enige ander onkoste aangegaan soos deur die skoolhoof nodig geag mag word vir die opvoeding van leerlinge word daarby ingesluit. Onkostes waaroor die ouers kan besluit soos, byvoorbeeld, 'n langer toer of indiwiduele afrigting, sal ekstra wees.
14. Rente sal gehef word op enige agterstallige bedrae, maandeliks saamgestel teen sodanige koers as wat deur die Raad bepaal mag word, maar wat nie meer sal wees as die wetlik toegelate koers nie.
15. Indien 'n ouer/voog weier of versuim om gelde te betaal, sal die skool se prokureurs gevra word om sodanige gelde te in en ouers sal ook verantwoordelik wees vir alle regskoste aangegaan, op prokureur- en kliënteskaal.
16. **Indien 'n ouer of voog die bywoning van 'n leerling wil staak, moet hy/sy/hulle een termyn skriftelik en vooruit kennis van sodanige voorneme aan die skool gee. By die versuim van sodanige kennisgewing, word die ouer/voog verbind om die volle skoolgelde vir die daaropvolgende skooltermyn te betaal.**
17. Die skool mag enige leerling versoek om sy/haar voortgesette bywoning van die skool te staak:
    a. met onmiddellike werking indien die leerling hom/haar skuldig maak aan enige gedrag wat na mening van die skoolhoof onversoenbaar is met die beleid en gedragskode van die skool;
    b. met een termyn se skriftelike kennisgewing; of
    c. aan die einde van enige akademiese jaar; of
    d. indien die leerling se skoolgelde nie stip betaal word nie, maar na 14 dae se kennisgewing aan die ouer/voog en
    e. indien die leerling 'n tweede jaar van sy/haar skoolloopbaan druip.
18. Skoolgelde kan in die loop van enige jaar, na gelang van omstandighede verhoog word.
19. 'n Kind/ers wat aan enige siekte- of geestestoestand ly, wat na mening van die skoolhoof of die Raad ander leerlinge mag benadeel of beïnvloed, kan gevra word om die skool te verlaat, hetsy permanent of tydelik.
20. Die ouer/ouers, voog/voogde wat hierdie dokument onderteken stem uitdruklik hiermee toe tot die prosessering deur die skool van hulle persoonlike inligting, asook die persoonlike inligting van die kind/ers. Sodanige inligting sluit onder andere die volgende in:
    - naam, van, identiteitsnommer, geboortedatum, huistaal, nasionaliteit, adres, e-pos adres en telefoonnommer/s;
    - besonderhede van die werkgewer van die ouer/ouers, voog/voogde;
    - biometriese inligting en foto's;
    - inligting rakende die geloofsoortuigings en ras van die ouer/ouers, voog/voogde;
    - inligting rakende die geloofsoortuigings en ras van die kind;
    - inligting rakende enige kind se gesondheidstoestand (insluitend enige allergieë) en/of medikasie wat die kind gebruik.
21. Die skool prosesseer die persoonlike inligting vir sy regsgeldige belange en ten einde die doeltreffende bedryf van die skool te verseker, soos onder andere die volgende:
    - administratiewe doeleindes;
    - opleidings- en opvoedingsdoeleindes (inlsuitend die opstel van rapporte/verslae aangaande die kind/ers);
    - vir doeleindes van buitemuurse aktiwiteite;
    - bepaling van klasplasings;
    - kommunikasie van prestasies;
    - bemarking-inisiatiewe.
22. Die ouer/ouers/voog/voogde stem hiermee uitdruklik toe tot die insluiting van hulle kontakbesonderhede en ander relevante inligting op klaslyste en stem toe dat hulle sodanige inligting wat aan hulle aangaande ander ouers/kinders gekommunikeer word met oorleg sal hanteer. Onder geen omstandighede mag enige sodanige inligting aan ander instansies of persone verkoop of bekend gemaak word sonder die uitdruklike toestemming van die betrokke ouer/voog nie.
23. Die ouer/ouers/voog/voogde stem hiermee uitdruklik toe tot die plasing van foto's en videos van hulle-self en/of hulle kinders in amptelike publikasies van die skool asook op die skool se amptelike webblad en amptelike sosiale media-blaaie, soos bv. die skool se amptelike facebook-blad.
24. Die skool behou die persoonlike inligting van die ouer/ouers/voog/voogde en kind/ers vir sodanige periodes as wat vereis word vir die doeltreffende bedryf van die skool of wat nodig is vir die doel waarvoor die inligting aanvanklik ingewin is. Kontakbesonderhede, inligting rakende die jaartal/le wat die kinders by die skool was, asook akademiese-, sport- en kultuurprestasies van die kind/ers word vir 'n onbepaalde tyd behou vir rekord-doeleindes en doeleindes van skool reünies, fondsinsamelings, advertensies, bemarking en dies meer.
25. Die ouer/ouers/voog/voogde stem hiermee toe om die skool onmiddellik van enige wysigings in hulle of die kind/ers se persoonlike inligting te vergewis.

____________________ __________________ ______________

GETEKEN DEUR HANDTEKENING DATUM